

Woensdag 8 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 10

Fokusgedeelte: 1 Samuel 10:1

'n Nuwe era begin met gehoorsaamheid aan God

Hoofstukke 10 en 11 leer ons die geskiedenis van die eerste koning van Israel, Saul. Die Here stel die feit dat die volk die teokrasie – God se regering – verwerp. Hulle wil 'n eie, aardse koning sien. Ons kan met dankbaarheid weet dat alle gesag en regerings op aarde 'n duidelike grens het wat deur God bepaal word. Elke leier op aarde word deur God aangestel, ook heidene. Hulle is God se instrumente.

Saul word deur Samuel as koning gesalf. Salwing beteken om tot 'n spesiale diens/amp geroep te wees. Die salfolie is die simbool van die verkwikkende en bekwaammakende krag van die Heilige Gees. Saul profeteer daarom ook saam met die profete, omdat hy deur God innerlik verander word. Hy ontvang sy regeergesag uit God se hand. Die Here bly die Koning. Daarom hoor ons die troos in Openbaring 1 dat Jesus Christus die Koning van alle konings is. Hy is die Heerser oor die konings van die aarde. Saul se regering moet in gehoorsaamheid aan God gebeur.

Die Here gee hom ná sy salwing drie tekens om sy geloof en roeping te versterk. God self bevestig dat hy wettig geroep is om Israel se koning te wees. Sy gesindheid verander later in sy koningskap om meer aan homself en mense gehoorsaam te wees. Sy eiesinnigheid kos hom die koningskap.

Die Ou-Testamentiese konings wys na Jesus Christus as dié Gesalfde van God. Hy bly tot in die donker van die dood en die hel gehoorsaam aan sy Vader. By sy doop maak die hemel oop en ontvang Hy die Heilige Gees met die bevestiging: “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.”

Jesus word gesalf as Messias. In Grieks is dit die woord “Christus”. Hy word deur die Bose getoets en Hy oorwin. Hy oorwin die dood en die graf. Hy staan op en vaar na die hemel. Sy roeping is dat Hy Profeet, Priester en Koning is. Op grond daarvan word ons geroep tot besondere dienste as gelowiges. As profete is ons geroepe verkondigers in woord en daad. As priesters offer ons 'n lewe van dankbaarheid en gehoorsaamheid wat deur die Heilige Gees in ons gewerk word. As konings moet ons oor die bese en ons ou natuur heers met die hulp van die Here (HK, Vraag 32).

Wanneer aardse regerings ons teleurstel of ons onderdruk, kan ons die troos kry dat hulle net so ver kan gaan as wat God dit toelaat. Hy roep ons om elke dag 'n nuwe geleentheid te sien om die Here te dien. Oud en jonk is deel van die liggaam van ons Here Jesus Christus. Daarom moet ons as geroepes ons krag in God se Woord en tekens vind. Die Here gee die doop en die nagmaal as versterking en versekering dat ons in sy diens is, toegerus vir ons dienswerk.

Sing: Psalm 28-1:6

Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)